NUUS VAN AMOS EN LYNDA

Ons sendelinge Amos en Lynda is nou wel in Marseille, Frankryk ingeperk maar laat steeds nie gras onder hul voete groei nie.

Saam met ander lede van hulle plaaslike gemeente is hulle hard besig om geskenk-pakkies op te maak wat hulle beplan om tussen 20 Desember en Kersdag aan Moslem gesinne uit te deel.

Die doel is om die Moslem gesinne in hulle huise in te nooi en 'n geselsie aan te knoop. Daar ispakkies vir die kinders wat ook 'n in-kleur boekie getiteld "Die wapens van God" bevat terwyl pakkies vir vroue 'n DVD "Magdalena en Rivka" bevat waar dié twee vroue vrae bespreek wat Moslems normaal-weg oor die Christelike geloof het.

Benewens die inligting in die pakkies vervat en die goedhartigheid betoon, gee so 'n benadering hulle die moontlikheid om in die toekoms vriendskappe en verdere gesprekvoering met hierdie Moslems te maak.

Bid asseblief saam met Amos, Lynda en hulle medewerkers dat die Here self die seën oor hierdie poging sal stort en dat menige nuuskierige Moslem se dors geles sal word.